

'N BEDRYFSIELKUNDIGE ONDERSOEK NA DIE VERBAND TUSSEN SOSIALE ONDERSTEUNING EN BEROEPSAANPASSING BY MIDDELVLAKBESTUURDERS

P. VAN DEN BERG
W. S. DE VILLIERS

*Departement Bedryfsielkunde
Universiteit van Stellenbosch*

ABSTRACT

An industrial psychological investigation into the relationship between social support and occupational adjustment at mid-level management. In an effort to measure the relationship that social support, co-worker support, superior support, family support and friendship support have with occupational adjustment; as well as the moderating influence that locus of control and gender have on the relationship between social support and occupational adjustment, two questionnaires were used in the study. For measuring social support and support from a person's co-workers, superiors, family and friends as well as for measuring occupational adjustment, the Work and Support Network Satisfaction Scale was utilised. The Internal-External Locus of Control Scale was used for measuring locus of control. The measuring instruments were applied to 131 mid-level managers in the banking sector. Results indicate a positive relationship between social support and occupational adjustment, co-worker support and occupational adjustment, and superior support and occupational adjustment.

OPSOMMING

In 'n poging om die verwantskap te ondersoek wat sosiale ondersteuning, medewerkerondersteuning, bogeskikte-ondersteuning, gesinsondersteuning en vriendskapsondersteuning met beroepsaangepassing het; sowel as die modererende invloed wat lokus van kontrole en geslag op die verhouding tussen sosiale ondersteuning en beroepsaangepassing het, is daar van twee vraelyste gebruik gemaak. Vir die meting van sosiale ondersteuning en ondersteuning van 'n persoon se medewerkers, bogeskiktes, gesin en vriende, sowel as vir die meting van beroepsaangepassing, is die Werk- en Ondersteuningsnetwerk Tevredenheidskaal aangewend. Die Interne-Eksterne Lokus van Kontrole Skaal is vir die meting van lokus van kontrole gebruik. Die meetinstrumente is op 131 middelvlakbestuurders in die banksektor toegepas. Die resultate dui op 'n positiewe verband tussen sosiale ondersteuning en beroepsaangepassing, medewerkerondersteuning en beroepsaangepassing, en bogeskikte-ondersteuning en beroepsaangepassing.

Soos wat organisasies vandag toenemend gekonfronteer word met organisatoriese prosesse soos personeelvermindering, kwaliteits-inisiatiewe, en veranderinge in werkstrukture, word die voordele van 'n werkerskorps wat mobiliteit binne die organisasie aan die dag kan lê, al hoe meer deur organisasies besef (Kristof, 1996).

Sodra daar 'n toestand van kongruensie of passing heers tussen die vermoëns en behoeftes van die individuele werker met sy unieke werkspersoonlikheid (wat saamgestel is uit hierdie unieke stel behoeftes en vermoëns wat die individu in die werksomgewing kom beskikbaarstel), en die werksomgewing met 'n bepaalde stel vereistes en beskikbare bronne, sal die individu beroepsaangepassing ervaar (Bizot & Goldman, 1993; Caplan & Van Harrison, 1993; Tziner, 1990). Beroepsaangepassing kan ten beste omskryf word deur gebruik te maak van die definisie van Lofquist en Dawis (1969, p. 46). Hiervolgens dui beroepsaangepassing op 'n "aaneenlopende en dinamiese proses waardeur die individu poog om kongruensie ('n wederkerige, aanvullende en harmonieuse verhouding) tussen homself en die werksomgewing te verkry en in stand te hou". Die afwesigheid van sodanige toestand van kongruensie lei noodwendig tot probleme in die werker se beroepsaangepassing, met die gevolg dat die individuele werker en die organisasie later daaronder begin ly (Moos, 1987).

In die literatuur word sosiale ondersteuning geïdentifiseer as 'n faktor wat 'n invloed kan hê op 'n persoon se (beroeps-) aanpassing (Caplan, 1979; Jayaratne & Chess, 1984; Riggio, Watring & Throckmorton, 1993). Die eerste doelstelling wat die studie aanspreek, is om te bepaal of daar 'n statistiese verband

bestaan tussen die sosiale ondersteuning wat 'n persoon ontvang en sy beroepsaangepassing.

Sosiale ondersteuning is 'n multi-dimensionele konsep. Dit kan 'n verskeidenheid vorme aanneem, oor 'n veelvoud van verhoudings, gedrag en uitkomst (Streeter & Franklin, 1992). Kortliks fokus die onderskeie konseptualiseringsvorme van sosiale ondersteuning op betekenisvolle verhoudings, fisies meetbare ondersteuning, waargenome en werklike ondersteuning, en die sosiale netwerke wat 'n individu tot sy of haar beskikking het (Helgeson, 1993). Ondanks die feit dat 'n verskeidenheid dissiplines tot navorsing oor sosiale ondersteuning bygedra het, bestaan daar vandag nie 'n enkele eenvormige definisie wat die konsep omskryf nie (Buunk & Peeters, 1994; Fenlason & Beehr, 1994). Wanneer sosiale ondersteuning deur 'n enkele definisie omskryf word, kan dit ten beste gedefinieer word as "die kwaliteit en kwantiteit van vriendskappe en verhoudings waar mense vir mekaar omgee, wat emosionele gerusstelling, benodigde informasie of instrumentele hulp, wat nodig is vir die hantering van stresvolle situasies, aan 'n individu verskaf" (Fisher, 1985, p. 40).

Daar bestaan verskeie bronne van sosiale ondersteuning (Erera, 1992; Streeter & Franklin, 1992). Die studie fokus tweedens op die moontlike verband wat vier van hierdie bronne, naamlik die betrokke persoon se medewerkers, bogeskiktes, gesin en vriende, met sy beroepsaangepassing het (Fenlason & Beehr, 1994).

Studies (Lefcourt, Martin & Saleh, 1984; Sandler & Lakey, 1982) voer aan dat lokus van kontrole 'n modererende invloed op die verhouding tussen sosiale ondersteuning en beroepsaangepassing het. Lokus van kontrole dui op die geloof wat 'n persoon het dat interne kragte (die persoon self) of eksterne kragte (faktore in die situasie) vir die bepaling van sy of haar

gedrag verantwoordelik is (Ashkanasy & Galois, 1994, p. 30; Louw, 1990, p. 561).

Die studie spreek daarom derdens die doelstelling aan of lokus van kontrole 'n modererende invloed op die verwantskap tussen sosiale ondersteuning en beroepsaangepassing het.

'n Ander veranderlike wat in die literatuur geïdentifiseer is wat 'n modererende invloed op die verwantskap tussen sosiale ondersteuning en beroepsaangepassing kan hê, is geslag. So het Geller en Hobfoll (1994) bevind dat mans en vroue gewoonlik ewe veel stres en sosiale ondersteuning in die werksplek ervaar, maar dat die effek wat sosiale ondersteuning op die welsyn van die verskillende geslagte het, verskil. Die studie spreek dus vierdens die doelstelling aan of geslag 'n modererende invloed op die verwantskap tussen sosiale ondersteuning en beroepsaangepassing het.

Met inagneming van die doelstellings van die studie is die volgende hipoteses geformuleer.

Hipotese 1: 'n Positiewe verwantskap bestaan tussen die vlak van sosiale ondersteuning wat 'n persoon ontvang en sy beroepsaangepassing.

Hipotese 2: 'n Positiewe verwantskap bestaan tussen die vlak van medewerkerondersteuning wat 'n persoon ontvang en sy beroepsaangepassing.

Hipotese 3: 'n Positiewe verwantskap bestaan tussen die vlak van bogeskikte-ondersteuning wat 'n persoon ontvang en sy beroepsaangepassing.

Hipotese 4: 'n Positiewe verwantskap bestaan tussen die vlak van gesinsondersteuning wat 'n persoon ontvang en sy beroepsaangepassing.

Hipotese 5: 'n Positiewe verwantskap bestaan tussen die vlak van vriendskapsondersteuning wat 'n persoon ontvang en sy beroepsaangepassing.

Hipotese 6: Lokus van kontrole het 'n modererende invloed op die verwantskap tussen sosiale ondersteuning en beroepsaangepassing.

Hipotese 7: Geslag het 'n modererende invloed op die verwantskap tussen sosiale ondersteuning en beroepsaangepassing.

METODE

Steekproef

Die teikenpopulasie waarop die studie fokus, is middelvlakbestuurders binne die Suid-Afrikaanse bankbedryf. Die rede vir die keuse van die teikenpopulasie is dat middelvlakbestuurders in Suid-Afrika van dié werknemers is wat die meeste beïnvloed word deur organisatoriese veranderinge. Die bank-

sektor is ook een van die sektore in die Suid-Afrikaanse ekonomie wat die afgelope paar jaar deur verskeie transformasies gegaan het, en waarbinne die konsep van beroepsaangepassing baie relevant is (Badenhorst, 1991; Cloete, 1990). Binne die konteks van die organisasie waar die betrokke studie uitgevoer is, word toesighouervlak en junior bestuur as middelvlakbestuurders geklassifiseer.

'n Totaal van 200 vraelyste (Totale N), is vir voltooiing aan die respondente versend. 131 vraelyste is terugontvang. Dit dui op 'n bevestigende responskoers van 66%.

Meetinstrumente

Daar is van twee meetinstrumente in die uitvoering van die navorsing gebruik gemaak. Ten einde nulhipoteses 1, 2, 3, 4, en 5 te toets, is daar van 'n aangepaste weergawe van die Werk- en Ondersteuningsnetwerk Tevredenheidskaal (W.O.T.) van Maynard (1986) gebruik gemaak.

Die oorspronklike W.O.T. wat deur Maynard (1986) ontwikkel is, bestaan uit 41 items wat in vyf subskale verdeel is. Die onderskeie subskale is naamlik: werkstevredenheid en aanpassing, gesinsondersteuning, vriendskapsondersteuning, sosiale en gemeenskapsondersteuning, en professionele ondersteuning. Die Cronbach koëffisiënt alpha-waardes van die oorspronklike W.O.T. verskyn in Tabel 1. Alhoewel geen geldigheidsdata vermeld word nie, blyk dit uit die literatuur (Maynard, 1986) dat metingsdeskundiges bevind dat die instrument oor 'n verstandige toetskonstruksie en inhoudsgeldigheid beskik, wat gebaseer is op 'n literatuuroorsig en vorige navorsing op skaalitems.

Die W.O.T. is 'n bruikbare instrument vir die meting van beroepsaangepassing, sosiale ondersteuning en sosiale ondersteuning soos wat dit vanuit verskeie bronne ontvang word. Omrede inligting wat deur middel van die W.O.T. verkry kan word, egter nie heeltemal die doelstellings van die studie aanspreek nie, is daar besluit om bepaalde aanpassings aan die instrument aan te bring. Veranderinge is daarom aan subskale drie tot vyf aangebring, terwyl subskale een en twee onveranderd gelaat is. Subskaal 1 is vir die meting van beroepsaangepassing aangewend, terwyl subskale vier tot vyf vir die meting van sosiale ondersteuning aangewend is. Hierdie veranderinge bring uiteraard mee dat die konstruk geldigheid van die instrument kan verskil.

'n Itemontleding is op elkeen van die onderskeie subskale van die aangepaste W.O.T. uitgevoer. Cronbach se koëffisiënt alpha is as maatstaf van betroubaarheid gebruik. Die onderskeie subskale van die aangepaste W.O.T., en hul betroubaarheidskoëffisiënte verskyn in Tabel 1. 'n Aspek van hierdie betroubaarheidsdata wat vermelding vereis, is dat 'n ietwat teleurstellende Cronbach alpha van 0,30 vir die subskaal van werkstevredenheid en aanpassing behaal is. Dit is aansienlik laer as die 0,86 wat Maynard (1986) rapporteer. Nadat die gekorrigeerde item-totaal-korrelasies en die

TABEL 1
DIE ONDERSKEIE SUBSKALE VAN DIE OORSPRONKLIKE EN AANGEPASTE W.O.T. EN HUL BETROUBAARHEIDSKOËFFISIËNTE

SUBSKAAL*	ALPHA [†]	SUBSKAAL**	ALPHA [‡]
1. Werkstevredenheid en aanpassing	0,86	Werkstevredenheid en aanpassing	0,30
2. Gesinsondersteuning	0,84	Gesinsondersteuning	0,80
3. Vriendskapsondersteuning	0,83	Vriendskapsondersteuning	0,84
4. Sosiale en gemeenskapsondersteuning	0,59	Medewerkerondersteuning	0,86
5. Professionele ondersteuning	0,65	Bogeskikte-ondersteuning	0,92

*Oorspronklike W.O.T.

**Aangepaste W.O.T.

† Oorspronklike W.O.T.

‡ Aangepaste W.O.T.

waardes van alpha, indien die item weggelaat word, bepaal is, is daar bevind dat twee items in die subskaal aansienlik laer tellings behaal het as die ander items. Nadat die betrokke twee items uitgelaat is en 'n itemontleding weer gedoen is, het die Cronbach alpha van die subskaal gestyg na 0,71. Respondente se tellings is bereken volgens keuses op 'n vyfpunt Likert Skaal.

Ten einde nulhipotese 6 te toets, is daar van 'n tweede meetinstrument gebruik gemaak, naamlik die Interne-Eksteme lokus van kontrole Skaal (I-E Skaal) wat deur Rotter (1966) ontwikkel is, en deur Lefcourt (1982) en Phares (1976) aangepas is.

Die I-E Skaal is 'n 29 item gedwonge-keuse instrument wat die konstruk lokus van kontrole meet (Best, 1994). Die I-E Skaal word as 'n additiewe skaal bestempel. Hiermee word bedoel dat dit 'n skaal is waarvan die onderverdelings (skaaleenhede) eweredig versprei is (Gouws, Louw, Meyer & Plug, 1979). Dit meet die konstruk lokus van kontrole oor 'n verskeidenheid situasies (Best, 1994; Phares, 1976). Rotter (in Phares, 1976) rapporteer 'n interne bestendigheid wat strek van 0,65 tot 0,79. Wat die toets-hertoets betroubaarheid betref, is daar gevind dat dit as bevredigend bestempel kan word (Phares, 1976). Hersch en Scheibe (1967) rapporteer byvoorbeeld betroubaarheids-koëffisiënte wat wissel van 0,48 tot 0,75. 'n Sigometriese evaluering is vir die doeleindes van die betrokke studie op die I-E Skaal uitgevoer en 'n Cronbach koëffisiënt alpha-waarde, wat as maatstaf van betroubaarheid gebruik is, van 0,75 is verkry.

Respondente se tellings is vir eksterne lokus van kontrole bereken sodat 'n hoër telling op 'n meer eksterne lokus van kontrole dui. Ten einde nulhipotese 7 te toets, is 'n afdeling wat die biografiese kenmerke, soos geslag, van die respondente meet, in die vraelys opgeneem.

Beide die W.O.T. en die I-E Skaal is in 'n enkele vraelys vervat. Alvorens die finale instrument op die respondente toegepas is, is 'n loodsstudie onder 'n beperkte aantal respondente, wat deel uitgemaak het van die steekproef, gedoen ten einde die vraelys van ontwerpsfoute te suiwer.

Verwerking van gegewens

Die statistiese pakette SAS (Francis, 1981); SAS Institute Inc., 1985) en SPSS-X (Francis, 1981; SPSS Inc., 1986) is vir die verwerking van die data aangewend. SPSS-X is gebruik ten einde die psigometriese kenmerke van die twee instrumente wat in die studie gebruik is, te bepaal.

Ten einde die biografiese kenmerke van die steekproef (soos respondente se posvlakke en geslag) te beskryf, en te bepaal of die voorgestelde nulhipoteses verwerp behoort te word al dan nie, is daar van SAS gebruik gemaak (SAS Institute Inc., 1985). Vir 'n beskrywing van die biografiese kenmerke van die steekproef, is 'n eenvoudige frekwensie-ontleding op die data uitgevoer. Vir die bepaling van die verband tussen die veranderlikes in die studie is daar van Pearson se produkmoment-korrelasiekoëffisiënt gebruik gemaak.

'n Eenrigting variansie-ontleding is uitgevoer ten einde die onderskeie veranderlikes se gemiddeldes met mekaar te vergelyk om sodoende te bepaal of daar beduidende verskille tussen die gemiddeldes bestaan (Guilford & Fruchter, 1978; Tabachnick & Fidell, 1989). Ten einde die effek van die onafhanklike veranderlikes in die studie op die afhanklike veranderlike te bepaal, deurdat daar van die tegnieke van korrelasie en regressie gebruik gemaak is, is die standaard meervoudige regressie-ontleding vir die verwerking van die gegewens gebruik.

RESULTATE EN BESPREKING

Die resultate wat verkry is en in Tabel 2 weergegee word, dui daarop dat sosiale ondersteuning 'n statistiese beduidende positiewe verwantskap ($r = 0,378$; $p < ,01$) met beroepsaanpassing het. Dit dui daarop dat 'n individu beduidend hoër vlakke van beroepsaanpassing sal ervaar indien die vlakke van sosiale ondersteuning wat die persoon ervaar, ook hoog is. Op grond van hierdie resultate word nulhipotese 1 verwerp.

Uit dieselfde resultate in tabel 2 blyk dit dat medewerknemer-ondersteuning 'n statisties beduidende positiewe verwantskap ($r = 0,355$; $p < 0,01$) met beroepsaanpassing het. 'n Individu sal dus beduidend hoër vlakke van beroepsaanpassing ervaar indien die ondersteuning wat die persoon van sy medewerknemers ontvang, ook hoog is. Gevolglik word nulhipotese 2 verwerp.

Dit wil ook uit Tabel 2 voorkom asof bogeskikte-ondersteuning 'n statisties beduidende positiewe verwantskap ($r = 0,5$; $p < 0,01$) met beroepsaanpassing het. Die beroepsaanpassing wat die persoon sal ervaar, sal dus beduidend hoog wees indien die sosiale ondersteuning wat die persoon van sy bogeskiktes ontvang ook hoog is. Op grond van die verkreeë resultate word nulhipotese 3 verwerp.

Op grond van die data in Tabel 2 blyk dit egter dat daar nie 'n beduidende verwantskap tussen gesinsondersteuning en

TABEL 2
PEARSON KORRELASIEKOËFFISIËNTE VIR DIE VERANDERLIKES IN DIE STUDIE

	B/aanpas	Gesinsol	Vriend/o	Medewerk/o	Bogeskik/o	Sos/o	Lokus	Geslag
B/aanpas	1,00000 0,0							
Gesinsol	0,00100 0,9910	1,00000 0,0						
Vriend/o	-0,00202 0,9817	0,44236 0,0001	1,00000 0,0					
Medewerk/o	0,35452 0,0001	0,08663 0,3252	0,19694 0,0242	1,00000 0,0				
Bogeskik/o	0,50013 0,0001	0,11754 0,1812	0,8455 0,3370	0,61162 0,0001	1,00000 0,0			
Sos/o	0,37845 0,0001	0,52146 0,0001	0,55384 0,0001	0,77174 0,0001	0,77969 0,0001	1,00000 0,0		
Lokus	0,18350 0,0467	0,04405 0,6358	0,13153 0,1557	-0,03601 0,6986	0,20423 0,0265	0,13580 0,1426	1,00000 0,0	
Geslag	0,02550 0,7725	-0,05670 0,5200	0,14613 0,0958	0,02337 0,7910	0,07502 0,3944	0,07284 0,4084	0,20894 0,0232	1,00000 0,0

beroepsaanpassing bestaan nie. Die aanname dat beroepsaanpassing by 'n persoon hoog sal wees indien die persoon ook hoë vlakke van gesinsondersteuning ontvang, kan dus nie hier gemaak word nie. Gevolglik word nulhipotese 4 nie verwerp nie.

Uit Tabel 2 wil dit voorkom asof geen beduidende verwantskap tussen die vlak van ondersteuning wat 'n persoon van sy vriende ontvang, en sy beroepsaanpassing bestaan nie. Die aanname dat beroepsaanpassing by 'n persoon hoog sal wees indien die vriendskapsondersteuning wat die persoon ontvang ook hoog is, kan dus nie hier gemaak word nie. Die vyfde nulhipotese word daarom nie verwerp nie.

Wat die effek van lokus van kontrole op die verwantskap tussen sosiale ondersteuning en beroepsaanpassing aanbetref, dui die variansie-ontleding in Tabel 3 daarop dat lokus van kontrole nie 'n statisties beduidende ($p > 0,05$) invloed op die verwantskap tussen sosiale ondersteuning en beroepsaanpassing het nie. Die aanname dat lokus van kontrole 'n modererende effek op die verhouding tussen sosiale ondersteuning en beroepsaanpassing het, kan dus nie hier gemaak word nie. Die vierde nulhipotese word om dié rede nie verwerp nie.

TABEL 3
VARIANSIE-ONTLEDING TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED VAN LOKUS VAN KONTROLE OP DIE VERWANTSKAP TUSSEN SOSIALE ONDERSTEUNING EN BEROEPSAANPASSING

Source	DF	Type 1 SS*	Mean Square*	F Value	Pr > F
Sos	1	363,61264	363,61264	17,43	0,0001
Locus	1	52,72027	52,720274	2,53	0,1147
Int	1	48,05776	48,05776	2,30	0,1318

Source	DF	Type 2 SS*	Mean Square*	F Value	Pr > F
Sos	1	173,77361	173,77361	8,33	0,0047
Locus	1	62,49297	62,49297	3,00	0,0862
Int	1	48,05776	48,05776	2,30	0,1318

(* Afgerond tot naaste vyf syfers)

Ten opsigte van die invloed wat geslag op die verwantskap tussen sosiale ondersteuning en beroepsaanpassing het, dui die gegewens in Tabel 4 daarop dat 'n onbeduidende ($p > 0,05$) verwantskap ten opsigte van die invloed van geslag op die verhouding tussen sosiale ondersteuning en beroepsaanpassing bestaan. Geslag het dus nie 'n modererende invloed op die verhouding tussen sosiale ondersteuning en beroepsaanpassing nie. Gevolglik word nulhipotese 7 nie verwerp nie.

TABEL 4
VARIANSIE-ONTLEDING TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED VAN GESLAG OP DIE VERWANTSKAP TUSSEN SOSIALE ONDERSTEUNING EN BEROEPSAANPASSING

Source	DF	Type 1 SS*	Mean Square*	F Value	Pr > F
Sos	1	476,92078	476,92078	21,23	0,0001
Gender	1	0,01425	0,01425	0,00	0,9799
Int	1	0,12086	0,12086	0,01	0,9416

Source	DF	Type 2 SS*	Mean Square*	F Value	Pr > F
Sos	1	52,37666	52,37666	2,33	0,1293
Gender	1	0,10476	0,10476	0,00	0,9457
Int	1	0,12086	0,12086	0,01	0,9416

(* Afgerond tot naaste vyf syfers)

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

Uit die ondersoek wil dit voorkom asof sosiale ondersteuning 'n positiewe effek op beroepsaanpassing het. Hierdie effek sal voortduur wanneer sodanige sosiale ondersteuning van die persoon se medewerknemers en bogeskiktes afkomstig is. Geen statisties beduidende verbande kon egter ten opsigte van die effek wat gesinsondersteuning en vriendskapsondersteuning op beroepsaanpassing het, gevind word nie. Modereerende verbande ten opsigte van die invloed van onderskeidelik lokus van kontrole en geslag op die verhouding tussen sosiale ondersteuning en beroepsaanpassing kon ook nie gevind word nie.

Organisasie beseft vandag toenemend die waarde van 'n werkerskorps wat kan aanpas by organisatoriese veranderinge. Deur hierdie studie het dit aan die lig gekom dat sosiale ondersteuning 'n positiewe effek op werkers se beroepsaanpassing het. Benewens hierdie bydrae dui navorsing (House, 1981) daarop dat sosiale ondersteuning baie kan bydra om werkersmoraal, werkersgesondheid, organisasie-effektiwiteit, en programme ter bevordering van werkersaanpassing en stres-handtering, te bevorder. Hierbenewens is die finansiële koste van programme ter bevordering van sosiale ondersteuning relatief laag.

Drie leemtes in die huidige studie wat as aanbeveling vir toekomstige navorsing oor die betrokke onderwerp kan dien, noodsaak vermelding. 'n Tekortkoming van die huidige studie is dat die faktorstruktuur van die aangepaste vorm van die W.O.T. nie bepaal is nie. Die rede daarvoor is dat die studie as 'n verkennende studie beskou behoort te word.

In hierdie studie is daar slegs op totale sosiale ondersteuning gefokus. Daar is nie op die verskillende soorte sosiale ondersteuning (soos instrumentele ondersteuning, emosionele ondersteuning en informatiewe ondersteuning) of elemente van sosiale ondersteuning (soos waargenome sosiale ondersteuning en verkreeë sosiale ondersteuning) gefokus nie.

'n Verdere leemte van die studie is dat dit binne 'n bepaalde sektor van die ekonomie, naamlik die banksektor, onderneem is. Gevolgtrekkings wat gemaak is, kan dus nie sonder meer veralgemeen word nie.

Gegewe die belangrikheid van goeie beroepsaanpassing by middelvlakbestuurders in die moderne organisasie, en die rol wat sosiale ondersteuning klaarblyklik in hierdie verband kan speel, kan die bevinding van die studie van groot nut wees vir bestuur – veral in die gebruik van werknemersbystandprogramme.

VERWYSINGS

Ashkanasy, N.M. & Gallois, C. (1994). Leader Attributions and Evaluations: Effects of Locus of Control, Supervisory Control, and Task Control. *Organizational Behavior and Human Decision Processes*, 59, 27-50.

Badenhorst, P. (1991). Banke in Oorgangsfase: Waar staan die Reserwebank? *Finansies & Tegniek*, 43, 12-13.

Best, P.W. (1994). *Locus of Control, Personal Commitment and Commitment to the Organization*. Ongepubliseerde Magisterverhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Bizot, E.B. & Goldman, S.H. (1993). Prediction of Satisfaction and Satisfaction: An Eight Year Follow Up. *Journal of Vocational Behavior*, 43, 19-29.

Buunk, B.P. & Peeters, M.C. (1994). Stress at Work: Social Support and Companionship: Towards an Event-contingent Recording Approach. *Work and Stress*, 8(2), 177-190.

Caplan, R.D. (1979). Social Support, Person-Environment Fit, and Coping. In L.A. Ferman & J.P. Gordus (Eds.), *Mental health and the economy*. Michigan: W.E. Upjohn Institute for Employment Research.

Caplan, R.D. & Van Harrison, R. (1993). Person-Environment Fit Theory: Some History, Recent Development, and Future Directions. *Journal of Social Issues*, 46(4), 253-275.

- Cloete, J.J. (1990). The Banking Scene. *The South African Banker*, 87(1), 15-17.
- Erera, I.P. (1992). Social Support Under Conditions of Organizational Ambiguity. *Human Relations*, 45(3), 247-264.
- Fenlason, K.J. & Beehr, T.A. (1994). Social Support and Occupational Stress: Effectors of Talking to Others. *Journal of Organization Behavior*, 15, 157-175.
- Fisher, C.D. (1985). Social Support and Adjustment to Work: A Longitudinal Study. *Journal of Management*, 11(3), 39-53.
- Francis, I. (1981). *Statistical Software – A Comparative Review*. New York: North Holland.
- Geller, P.A. & Hobfoll, S.E. (1994). Gender Differences in Job Stress, Tedium and Social Support in the Work Place. *Journal of Social and Personal Relationships*, 11, 555-572.
- Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F. & Plug, C. (1979). *Psigologie Woordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Guilford, J.P. & Fruchter, B. (1978). *Fundamental Statistics in Psychology and Education*. (6th ed.). Tokyo: McGraw-Hill.
- Helgeson, V.S. (1993). Two Important Distinctions in Social Support: Kind of Support and Perceived Versus Received. *Journal of Applied Social Psychology*, 23(10), 825-845.
- Hersch, P.D. & Scheibe, K.E. (1967). Reliability and Validity of Internal-External Control as a Personality Dimension. *Journal of Consulting Psychology*, 31(6), 609-613.
- House, E.F. (1981). *Work Stress and Social Support*. Ontario: Addison-Wesley.
- Jayarante, S. & Chess, W.A. (1984). The Effects of Emotional Support on Perceived Job Stress and Strain. *The Journal of Applied Behavioral Science*, 20(2), 141-153.
- Kristof, A.L. (1996). Person-organization fit: An integrative review of its conceptualizations, measurement, and implications. *Personnel Psychology*, 49(1), 1-49.
- Lofquist, L.H. & Dawis, R.V. (1969). *Adjustment to Work – A Psychological View of Man's Problems in a Work-Orientated Society*. New York: Appleton-Century-Crofts.
- Louw, D.A. (1990). *Menslike Ontwikkeling*. (2e uitgawe). Pretoria: Haum-Tersiër.
- Maynard, M. (1986). Measuring Work and Support Network Satisfaction. *Journal of Employment Counseling*, 23(1), 9-19.
- Moos, R.H. (1987). Person-Environment Congruence in Work, School, and Health Care Settings. *Journal of Vocational Behavior*, 31, 231-247.
- Riggio, R.E., Watring, K.P. & Throckmorton, B. (1993). Social Skills, Social Support, and Psychosocial Adjustment. *Journal of Personality and Individual Differences*, 15(3), 275-280.
- Rotter, J.B. (1966). Generalized Expectancies for Internal versus External Control of Reinforcement. *Psychological Monographs*, 80(1), (nr. 609).
- Sandler, I.N. & Lakey, B.L. (1982). Locus of Control as a Stress Moderator: The Role of Control Perceptions and Social Support. *American Journal of Community Psychology*, 10(1), 65-80.
- SAS Institute Incorporated. (1985). *SAS User's Guide: Statistics*. (5th ed.). North Carolina.
- SPSS Incorporated. (1986). *SPSS-X User's Guide*. (2nd ed.). Chicago: McGraw-Hill Book Company.
- Streeter, C.L. & Franklin, C. (1992). Defining and Measuring Social Support: Guidelines for Social Work Practitioners. *Research on Social Work Practice*, 2(1), 81-98.
- Tabachnick, B.G. & Fidell, L.S. (1989). *Using Multivariate Statistics*. (2nd ed.). United States of America: Harper Collins Publishers.
- Tziner, T.L. (1990). *Organization Staffing and Work Adjustment*. New York: Praeger.